Laerskool Jan van Riebeeck

Kloofstraat 52, Kaapstad 8001
Webtuiste: www.laerskooljanvanriebeeck.co.za
Tel: 021 423 4209
E-pos: ontvangs@jvrprim.co.za

Goeiedag en welkom by die nasorg.

Ek wil jou verseker dat jou kind(ers) in goeie hande is, en dat dit vir ons as span lekker is om jou kind(ers) by ons te hê.

Vir die wat my nie alreeds ken nie, my naam is Madri Greyling en ek is die hoof in bestuur van die nasorg by Laerskool Jan van Riebeeck. 'n Bietjie meer oor my: ek is 'n gekwalifiseerde onderwyseres met 'n groot liefde vir kinders en is vol energie, wat my verseker die regte persoon op die regte plek maak.

Ek kan die nasorg nie alleen bestuur nie, so saam met my wonderlike span, kom ons in met 'n vars asem om reg te wees vir die 2de gedeelte van die dag.

Die wat al 'n pad saam met ons stap, sal weet dat die leerders baie van die nasorg hou. Ons maak seker dat ons kinders gelukkig is, bied speletjies en aktiwiteite aan, maak seker dat leerders se huiswerk gedoen word en bied hulp aan om hulle by hul regte buitemuurse aktiwiteite te kry.

Neem asseblief kennis van die volgende:

Om jou plek te verseker vir 2023 moet die aansoekvorm so gou as moontlik, maar nie later as Woensdag **30 Novemer 2022**, voltooi en teruggestuur word na die klasonderwyser of aan die volgende e-pos adres: nasorg@jvrprim.co.za

Nasorg tye:

- Voldag nasorg is tot en met 17:15.
- Halfdag nasorg is tot en met 15:00.

Huiswerk:

Gr. 1 en 2 se huiswerk word direk na skool en sport gedoen maar die huiswerk bly nogsteeds die primêre verantwoordliheid van die ouer. Jou kind se huiswerkboekie word net deur my onderteken indien ek self huiswerk met haar / hom gedoen het.

Huiswerk vind in groepverband plaas. Vir die grondslagfase leerders gebruik ons beweging, partykeer spring ons soos paddas, of beweeg soos treine agteruit. Ons vind ook kreatiewe maniere om te skryf en skryf soms buite op die baan met bordkruit, of ons blinddoek 'n maatjie en dan skryf die ander maat op haar / sy rug.

Ouers moet daagliks deur die huiswerkboek gaan aangesien leerders sport en ander aktiwiteite na skool het, wat kan veroorsaak dat hulle dalk daardie dag se huiswerk gemis het.

Vir graad 3 - 7s is daar huiswerkklas in 'n lokaal in die skoolgebou sodat leerders stilte het en beter kan fokus. Hierdie huiswerkklas is van 15:00 tot 16:00 en ek is teenwoordig in die klas om hulp en bystand aan te bied. Die verantwoordlikheid om hulle huiswerk te doen rus op die leerders.

Insedente:

Alle insidente word aangeteken. Leerders mag nie sonder toesig wees nie en ons probeer voorkommend optree om enige insidente te voorkom. Indien jou kind iets by die huis noem waaroor jy bekommerd is, vra ek dat jy dit asseblief onder my aandag sal bring deur om met my te kom praat of ’n e-pos aan nasorg@jvrprim.co.za te stuur.

Optel van leerders:

Alle leerders word op die agterste veld opgetel. Ons is in noue kommunikasie met die wagte wat ons sal laat weet dat jy agter is. Indien leerders gebruik maak van alternatiewe vervoer moet die nasorg via Whatsapp of telefonies in kennis gestel word.

Die agterste hek sluit wel 17:00 so enige leerders wat tussen 17:00 en 17:15 opgetel word, word by die Kloofstaathek opgetel.

My deur is altyd oop en ek gesels en help graag. Hou asseblief die nuusbrief dop vir belangrike inligting en vra gerus indien daar enige onsekerhede is.

Ek is opgewonde vir 2023!

Madri Greyling
0712876579
nasorg@jvrprim.co.za